

APARTHEID, 1948-1994

Die perspektief waarvolgens apartheid in hierdie werk behandel word

Apartheid gedurende die vorige Suid-Afrikaanse bedeling was 'n stelsel waarvolgens 'n minderheid 'n land met 'n meerderheid gedeel en politieke beheer oor die meerderheid uitgeoefen het, sonder dat uiteindelik daarin geslaag is om demografiese homogeniteit te bereik. Dit is NIE die grondwetlike bedeling waarna ons nou streef nie. Teenswoordig is ons behoefte en eis om in 'n eie grondgebied oor onself te regeer en nie oor enige ander volk nie. Die feite wat hier oor apartheid aangebied word, word gevolglik nie as verdediging van minderheidsregering aangebied nie, maar eerder om as basis te dien vir die volgende twee standpunte:

In die eerste plek verwerp ons die gedagte geheel en al dat ons huidige onderdrukking onder die swart regering in Suid-Afrika weens die apartheidsera geregverdig sou wees.

In die tweede plek moet enige opvatting — selfs 'n onderbewuste idee — dat die apartheidsera ons teenswoordige eis om selfbeskikking diskwalifiseer, onomwonde verwerp word.

Die stellings in hierdie dokument met betrekking tot apartheid en aanverwante aangeleenthede word slegs ter ondersteuning van hierdie twee standpunte gemaak en wentel om die volgende argumente:

- i. Die nasionale belang van sekere state en die finansiële en ander vorme van eiebelang rakende verskeie groepe wêreldwyd, was primêr die dryfveer agter die internasionale veldtog teen apartheid, eerder as die welsyn en omstandighede van nieblankes in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1948 tot 1994.
- ii. Ter bevordering van hierdie eiebelang is daar 'n erg verwronge beeld (wat tot vandag toe voorgehou word) van “Apartheid Suid-Afrika” geteken: 'n beeld wat niks van die baie positiewe optredes wat gedurende die apartheidsera deur die regering ten behoeve van die nieblankes in Suid-Afrika uitgevoer is, bevat nie; 'n beeld wat mank gaan aan baie relevante feite wat deel vorm van die land se historiese agtergrond; 'n beeld wat sekere realiteite wat geldig is en op die hele Afrika-kontinent van toepassing is, eenvoudig net weglaat; 'n beeld wat die vyande van die voormalige blanke regering (spesifiek die ANC) as foutloos voorhou. Die beskikbare feitelike inligting in verband hiermee sal baie volumes kan vul, dog om praktiese redes word slegs 'n fraksie daarvan in hierdie dokument genoem.
- iii. Ons wil nie probeer om voor te gee dat daar geen skending van regte gedurende al die jare van apartheid plaasgevind het nie. Daar is egter geen realistiese balans hoegenaamd tussen die omvang van die skendings in Suid-Afrika, en die skending van menseregte in ander lande en die hoon en skade wat juis deur

daardie lande teen SA aangerig is nie. Ten spyte van die dekade-lange massiewe wêreldwye demonisering van die apartheidsbeginsel besef swart Suid-Afrikaners dit. Die *Institute for Reconciliation and Justice* het gedurende 2001 'n opname gedoen en het onder andere bevind dat 31% van die grootste swart taalgroepe van mening was dat die idees onderliggend aan apartheid basies gesond was ten spyte van sekere vergrype wat onder die bedeling plaasgevind het, of dat hulle nie seker was nie. Onder die Kleurlingbevolking was die syfer 40% (*Scriptura: 234*).

Selfs die felste kritici van apartheid erken dat die apartheidstelsel billik genoeg was om herhaalde ingryping deur die regspleging ter beskerming van menseregte moontlik te maak — iets wat ondenkbaar was in die geval van baie diktature wat “Apartheid Suid-Afrika” met vyandigheid bejeën het. (*Adam: 17, 311-384*). Die omvang van die ergste menseregteskendings tydens die apartheidsera in Suid-Afrika kom nie naby aan dit wat in rêrig bose regimes van die 20ste eeu gebeur nie.

So byvoorbeeld is “Apartheid Suid-Afrika” voorgehou as 'n “*regime with a brutal police force which killed and oppressed Blacks — a repressive Police state*”.

- i. In die eerste plek moet 'n mens kennis neem dat byna die helfte van die 15 700 lede van hierdie “apartheidspolisie” teen die 1960's alreeds uit swart lede bestaan het, en dat hulle met die aanvang van die 1990's reeds die meerderheid, nl. 60% van die “brutale polisiemag” uitgemaak het (*Rauch: 11*).
- ii. Tweedens het hierdie “brutale polisiemag” tydens die turbulente 1980's uit minder as 1.5 polisielede vir elke 1 000 lede van die totale bevolking bestaan. Hulle moes 'n oppervlakte so groot as die gesamentlike oppervlakte van Frankryk, Duitsland en Italië bedien. Daar was landwyd minder polisiemanne in Suid-Afrika as in New York alleen. Die USSR het 11 keer meer polisiemanne *per capita* gehad.
- iii. Derdens word selfs deur vurige teenstanders van apartheid soos Max Coleman (’n voormalige leiersfiguur in die SAMRK) erken dat 'n skamele 73 politieke aktiviste, tydens aanhouding gesterf het gedurende die 27 jaar tussen 1963 (toe aanhouding sonder verhoor begin het) en 1990 toe die ANC en ander “vryheidsbewegings” ontban is. Dit is gemiddeld 2.7 per jaar (*Coleman: 53-65; Olivier: 9; Mulder & Cruywagen: 240*). Elders in die wêreld lyk getalle vir werklik brutale regerings heelwat anders.